RAADSBELEID

ONDERWERP : HULPVERLENING AAN RAMPGETEISTERDE FAMILIES

VERWYSING : 17.12.R

BESLUIT NR : 23.1/01/2003 DATUM : 27 Januarie 2003

BELEIDSOOGMERK : Om maatskaplike hulp aan rampgeteisterde families te verleen.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad erken sy maatskaplike rol om, binne die raamwerk van samewerkende regering, rampgeteisterde families in nood by te staan.

RIGLYNE

1. ‘n Ondersoek na enige voorval wat hulpverlening verg, moet gedoen word en die bevindinge sal bepaal of enige hulpverlening deur die Raad verskaf word.

2. Hierdie ondersoek moet deur ‘n amptenaar van die Brandweer en/of Rampbestuur gedoen word en skriftelik aan die Direkteur Ontwikkelingsdienste en/of Munisipale Bestuurder deurgegee word waarin gestipuleer word of hulpverlening gedoen word aldan nie.

3. Die Raadslid van die betrokke wyk waar die voorval plaasgevind het, moet onmiddellik na die voorval in kennis gestel word.

4. By positiewe terugvoering van die ondersoek rakende die geval moet die voorgeskrewe hulpverlening deur die Burgemeester, in oorleg met die betrokke Wyksraadslid, namens die Raad oorhandig word.

5. As bewys dat hulpverlening wél aan geteisterde familie(s) gegee is, sal deur ‘n foto(s) gestaaf word wat ook sal dien as rekordhouding vir navrae deur amptenare van die Departement Plaaslike Regering en Behuising.

6. Die aandiens persoon by Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling moet deur die Brandweer/Rampbestuur ondersoekbeampte gekontak word vir die verskaffing van ‘n kospakket ter waarde van **R300,00** per gesin en ‘n afskrif van die ondersoek moet aan die Hoof van Departement Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling gestuur word.

7. Indien die Departement van Maatskaplike Dienste en Bevolkingsontwikkeling nie by magte is of oor kosvoorraad beskik nie, sal uit die rampfonds van die Raad voorsiening gemaak

word vir ‘n kospakket terwaarde van **R300,00** per geteisterde gesin.

8. Die Munisipale Bestuurder en/of sy gedelegeerde of die Direkteur Ontwikkelingsdienste kan uitsluitsel gee indien enige onsekerheid rakende hulpverlening ontstaan.

PROSEDURE

1. Die noodbeheersentrum moet van die geval of insident in kennis gestel word.

2. Die Brandweerafdeling sal die Rampbestuurder of ‘n gedelegeerde afvaardig om ‘n deeglike ondersoek te gaan doen. Terugvoering rakende die ondersoek moet skriftelik ingedien word en moet in oorleg met die betrokke Wyksraadslid geskied.

3. Die administrasie rakende die geval sal deur die Brandweerhoof/Rampbestuurder of gedelegeerde hanteer word.

4. Aankope in dié geval beteken ‘n eenmalig klaar opgemaakte standaard kospakket ter waarde van **R300,00** per geteisterde gesin asook die voorsiening van ‘n maksimum van 2 matrasse en 2 komberse na gelang van die grote van die familie.

5. Die hantering en skakeling van aankope deur middel van ‘n aanvraag wat bekragtig is deur die Brandweerhoof en/of Direkteur/Munisipale Bestuurder tussen die magasyn en verskaffer, sal deur die Rampbestuur amptenaar en/of ‘n gedelegeerde behartig word. Fakture rakende aankope moet deur enige van bogenoemde persone onderteken word alvorens dit vir betaling na die magasyn terugverwys word. ‘n Afskrif van die faktuur moet in die Rampbestuurfondslêer geliasseer word.

6. Die Burgemeester of Wyksraadslid moet namens die Raad die oorhandiging van die hulpverlening doen.

7. ‘n Halfjaarlikse en jaarlikse verslag rakende hulpverlening moet aan die Departement Plaaslike Regering en Behuising (Rampbestuur) te Kimberley deurgegee word met ‘n afskrif aan die Munisipale Bestuurder en Direkteur Ontwikkelingsdienste.

8. Die verslag moet deur die Rampbestuur voorberei word.

9. Aankope moet deur die Munisipale Bestuurder gemagtig word.

ROLLE

1. Die Burgemeester/Wyksraadslid.

2. Die Munisipale Bestuurder.

3. Die Brandweerhoof.

VERWANTE BELEID
Armlastige begrafnisse.

HERROEPINGS/WYSIGINGS
Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.